# 'N NUWE VOETSPOOR VIR STELLENBOSCH UNIVERSITEIT

### *Waardevolle vleiland kry 'n vaste voet*

Die Rietenbosch-vleilandherstelprojek gebruik die Universiteit se kundigheid en hulpbronne om ekologiese herstelwerk en gemeenskapsopheffing in 'n grootliks onderontwikkelde gemeenskap te doen. Die herstelde vleiland sal 'n kosbare opvoedkundige hulpbron wees vir Laerskool Rietenbosch, buurskole en die gemeenskap. Die Projek word uitgevoer met die hulp van entoesiastiese vennote binne en buite die Universiteit. Studente van die Fakulteit Ingenieurswese help byvoorbeeld met opmeting om die beplanning op vaste voet te kry.



**Op die foto verskyn van links**
Pat Williams (Skolekringbestuurder, Stellenbosch), prof Chris Reddy (Departement Kurrikulumstudie), me Vera Mukasa (Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake), mnr Pieter Colyn (Langverwacht-landskappeerder) en mnr Roy Van Rooyen, (Hoof: Laerskool Rietenbosch).

### *Jeugsportinisiatief*

Die vestiging van die Stellenbosse Sokker-akademie by Lentelus maak deel uit van die HOOP Projek se Jeugsportinisiatief. Die Akademie, op die drempel van Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi, verteenwoordig 'n beduidende stap vooruit na die US se doelwit om sport as 'n strategiese bate aan te wend binne 'n groter verband, die transformasie van Stellenbosch as dorp. Hierdie groepie sokkerentoesiaste het kom kyk hoe die eerste graaf by Lentelus ingespit word saam met (agter, van links) prof Julian Smith, Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel), mnr Greg Federicks van die Plaaslike Reëlingskomitee 2010, prof Russel Botman, Rektor, en prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies.



### *Ukwanda trap diep spore in die Overberg*

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS) op Worcester en sy satelliete op Ceres, Bredasdorp en Hermanus gaan Suid-Afrika se eerste volwaardige LKS wees. Wanneer die geboue daar opgerig is, sal tot 30 studente hul finale opleidingsjaar in 'n landelike omgewing kan voltooi. Intussen kry al die Fakulteit se studente landelike opleiding van tussen twee en ses weke per jaar.



### *Ses Afrika-universiteite vat hande*

Op Afrika-Universiteitedag is die PANGeA-ooreenkoms (*Partnership for a New Generation of African Academics*) tussen die US en vyf universiteite uit ander Afrikalande onderteken. Die nuwe netwerk beoog om, met medewerking van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Nagraadse Skool en Afrika Doktorale Akademie, die kundigheid op die kontinent te versterk deur die ontwikkeling van hoër onderwys. Dit verruim die US se voetspoor tot in lande soos Botswana, Malawi, Mosambiek, Tanzanië en Uganda.



*Studente volg landwyd Stellenbosch se virtuele spoor*

Die Universiteit stel via die telematiese platform sy kundigheid aan alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe beskikbaar om spesialisvaardighede te ontwikkel op terreine wat deurslaggewend is vir volhoubare ontwikkeling: gesondheidsdienste, regeerkunde, onderwys en die bestuur van MIV/vigs in die werksplek. Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het ook die telematiese platform gebruik om bykomende leerondersteuning in ses vakke aan 14 000 graad 12-leerders in verskeie skole te gee. Die foto wys die kontrolekamer vanwaar uitgesaai word.



*'Teesakkie'-filter brou water skoon*

'n Vindingryke waterfilter in die vorm van 'n teesakkie – breinkind van prof Eugene Cloete (op foto), mikrobioloog en Dekaan van Natuurwetenskappe – het die internasionale nuus gehaal. Die filter is deur 'n span US-mikrobioloë en polimeerwetenskaplikes ontwikkel en sal grootskaals skoon, kiemvrye water aan kwesbare gemeenskappe kan lewer. Prof Cloete het 'n *Science for Society* Goue Medalje van die Wetenskap-akademie van Suid-Afrika (ASSAf) ontvang. Prof Ed Jacobs, polimeerwetenskaplike, wat soos prof Cloete met die US Waterinstituut skakel, het die Waternavorsingskommissie se Tegniese Prestasie-toekenning ontvang vir innoverende membraanwatersuiweringstegnologie wat kommersieel lewensvatbaar is.





*Visie vir 'n nuwe wêreld*

As vennoot in 'n driejarige internasionale projek oor die effek van globalisering op die gemeenskap, het die Fakulteit Teologie saamgewerk om die wat en die hoe van 'n beter wêreld te deurdink. By die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie is die finale verslag *Dreaming a different world* oorhandig aan Emeritus Aartsbiskop Tutu (voorste ry, middel), ons kampvegter vir die armes en gemarginaliseerdes, deur dr Allan Boesak (links), koördineerder van die Suid-Afrikaanse projekspan. Die projek is begin deur dr Johann Weusmann (voor, regs), Vise-President van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Duitsland en koördineerder van die Duitse projekspan, en deur prof Thias Kgatla (agter, regs), Moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Prof Nico Koopman (agter, links), Dekaan van die Fakulteit, reken: "By Stellenbosch is ons algehele fokus gesentreer op die idee dat ons deur die wetenskap daartoe kan bydra om die wêreld ten goede te verander. Met hierdie verslag kan ons 'n werklike verskil maak."

